higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ARGITEKTONIESE GRAFIKA EN TEGNOLOGIE

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 2

(12050622)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–13:00

BENODIGDHEDE: **VYF A4-tekenvelle**
EEN A3-tekenpapier

Sakrekenaars en tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 4 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Doen AL die tekenwerk, insluitend die kandidaat se inligting, in potlood.
5. ALLE tekenwerk moet voldoen aan die betrokke SANS (SABS) aanbevole kodes.
6. Neem baksteengroottes as 220 × 110 × 75 mm.
7. ALLE afkortings en simbole moet voldoen aan die jongste Nasionale Bouregulasies en ALLE betrokke SANS (SABS) kodes.
8. 'n Gebalanseerde uitleg is baie belangrik en kandidate sal gepenaliseer word vir swak beplanning.
9. Werk netjies.

NCV

VRAAG 1: VLOTFONDAMENT

As 'n argitektoniese tekenaar word van jou verwag om 'n deursnee-aansig van 'n 280 mm hol muur fondament wat 'n gedeelte van die hol muur aandui, op skaal 1 : 5 op 'n A3-TEKENPAPIER te teken. Die staalwapening sal later deur 'n ingenieur bepaal word.

Die tekening moet duidelik die volgende aantoon:

1.1 Beton vlotfondament

1.2 Massa-beton kantbalk ('edge beam')
700 mm × 350 mm

1.3 25 mm gidspleister

1.4 Verdigte harde puin

1.5 Grondvlak (GL)

1.6 Natuurlike grondvlak (NGL)

1.7 Voglaagmembraan (DPM)

1.8 Massa-beton kantbalk uitskuinsing van 230 mm

Voeg ALLE verskafte annotasies in. Dimensie 'n 200 mm afstand van NGL tot FFL. Skryf 'n gepaste titel en skaal in drukskrif onder die deursnee-aansig. **[20]**

VRAAG 2: STEENWERK

2.1 'n Siersteenmuur moet in Engelse verband gebou word.

Teken die alternatiewe bo-aansig lae van die volgende op skaal 1 : 10, op 'n A4-TEKENPAPIER:

2.1.1 'n Engelse verband eensteen hoek-detail (15)

2.1.2 'n Engelse verband eensteen T-aansluiting (15)

2.2 Teken, op skaal 1 : 10, op 'n A4- TEKENPAPIER, die isometriese aansig van 'n 280 mm hol siersteen strekverband muur. (15)
[45]

VRAAG 3: LATEIE EN BOË

3.1 Teken, op skaal 1 : 10, op 'n A4- TEKENPAPIER, die voor- en deursnee-aansig van 'n gewapendebeton latei met die staal in plek. Die reikwydte is 1 870 mm. Voeg die afmeting van die reikwydte in. (15)

3.2 Teken, op skaal 1 : 10, op 'n A4- TEKENPAPIER, die vooraansig van halfsirkel boog gebou in gekapte stene. Dit het 'n reikwydte van 600 mm en 'n styging van 300 mm.

Voeg die volgende terme op die aansig in:

3.2.1 Reikwydte

3.2.2 Templaat

3.2.3 Sleutelsteen

3.2.4 Styging

3.2.5 Ekstrados

3.2.6 Intrados (20)
[35]

TOTAAL: 100

NCV

Kopiereg voorbehou